



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2011

VRYSTAAT

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A	Kyk- en Leesbegrip	VRAAG 1 – 2	30 punte
AFDELING B	Opsomming	VRAAG 3	10 punte
AFDELING C	Taal	VRAAG 4 – 7	60 punte
AFDELING D	Letterkunde	VRAAG 8 –10	20 punte

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

VIVA 2010

1. Waar in die wêreld is jy? Daar is mense – oud en jonk – wat geel, groen en wit brilrame en verskillende hoede dra. Op die stadions waai vlae en jy hoor die harde geraas van vuvuzelas ... dis 2010 en jy kan nêr in Suid-Afrika wees.
2. Ja, dis die sokkerwêreldbeker soos net óns dit kan doen. Almal is vriendelik en deel alles met mekaar. In Sandton, waar die Bafana-Bafana bly, belowe die eienaar buite sy eetplek: “Gratis pizza vir die res van jou lewe as Bafana-Bafana die wêreldbeker wen.” En sommer vir die lekkerte, kry elke gas ’n bier as Italië of Bafana-Bafana ’n doel skop.
3. Almal is skielik op pad iewers heen. As hulle nie self by ’n stadion kan wees nie, kuier hulle iewers saam met toeskouers by ’n grootskerm-TV.
4. Kaapstad word oornag ’n bymekaarkomplek vir mense van alle lande. ’n Saal in Seepunt het skielik ’n “Little Brazil” geword, ’n plek waar al die Brasilliane saam kuier.
5. Daar is baie sokker-items te koop: uit Kenia handsakke met sokkerballe op; Kersbome wat met sokkerballe mooi gemaak is; draadkarre met verskillende vlae en natuurlik daardie Afrika-sambreelhoeke – *sundelas*. Ons Suid-Afrikaanse vuvuzela is ’n internasionale treffer – duisende is verkoop!
6. In Newtown, Johannesburg, is daar groot foto’s van die Bafana-Bafana teen die Nelson Mandela-brug geplak. Al die Suid-Afrikaners skreeu net vir een span: Bafana-Bafana! In Sandton is ’n blink glasgebou waarin groot vlae en baie sokkerballe hang om darem ook al die ander lande se spanne tuis te laat voel.

7. Tydens die hele toernooi was die veiligheid, die publieke vervoer, die blyplekke en kuierplekke op internasionale standaard. Die wêreld was baie beïndruk.
8. Bafana-Bafana het van die beste spanne gewen. FIFA was baie tevrede met die Suid-Afrikaanse toernooi. Buitelandse besoekers het ons mooi land geniet en wil weer kom kuier. Al het Bafana-Bafana nie die sokkertoernooi gewen nie, is Suid-Afrika en die Suid-Afrikaners wenners!
9. Nou, selfs lank na die toernooi, hang daar nog steeds orals vlae langs die pad waarop die volgende woorde verskyn:
“Wen of verloor, ons is trotse Suid-Afrikaners!”

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Junie 2010]

1.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Die titel van die leesstuk is gepas, omdat mense ...

- A 2010 as 'n jaar sonder aksie beskou.
 B min planne vir 2010 gehad het.
 C 2010 nie maklik sal vergeet nie.
 D nie meer in 2010 belangstel nie. (1)

1.2 Kies die KORREKTE woord.

Die artikel vertel van iets wat (verlede/voorverlede) jaar gebeur het. (1)

1.3 1.3.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Daar was nêr jongmense by die sokkerwedstryde. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 1 neer te skryf. (1)

1.4 Sommige brilrame is groen, noem nog TWEE ander kleure. (2)

1.5 Watter instrument word gebruik om die Suid-Afrikaanse sokker-atmosfeer te skep? (1)

1.6 Voltooi die onderstaande sin.

Die pizzaseienaar sal vir almal gratis pizzas gee as (1)

1.7 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 2 neer wat sê dat die gaste nie vir die pizzas hoef te betaal nie. (1)

1.8 Vir watter TWEE lande ondersteun die eetplekeienaar? (2)

1.9 In watter Suid-Afrikaanse stad het verskillende lande se mense bymekaar gekom en lekker gekuier? (1)

1.10 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die plekke in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.10.1 – 1.10.5) neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.10.1	Newtown	A 'n saal in Seepunt
1.10.2	“Little Brazil”	B handsakke
1.10.3	Sandton	C 2010 sokkerwêreldbeker
1.10.4	Kenia	D 'n brug met foto's
1.10.5	Suid-Afrika	E 'n glasgebou
		F 'n grootskerm-TV

(5 x 1) (5)

1.11 Hoe anders kon mense na die wedstryde kyk as hulle nie by die stadions was nie? (1)

1.12 Kies VIER KORREKTE redes waarom Suid-Afrikaners trots kan wees.

Skryf net die KORREKTE letters (A – F) neer.

- A Bafana-Bafana het nie al hul wedstryde verloor nie.
- B Die wedstryde kon slegs by die stadions gesien word.
- C Die besoekers het gedink dat ons 'n mooi land het.
- D FIFA sê dat Suid-Afrika 'n onsuksesvolle land was.
- E Die buitelandse mense het lekker hier gekuier.
- F Al die Suid-Afrikaners het saam Bafana-Bafana ondersteun.

(4)
[22]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




Gebruik **QUIT SMOKING** orals en enige tyd.
Dit sal jou help om op te hou rook.

QUIT SMOKING is nikotienvry.
Dit bestaan uit **NATUURLIKE SUID-AFRIKAANSE KRUIE**.

**“Ek en my seun
het opgehou rook danksy
Quit Smoking.”**

**“Glo my, ons het alles
probeer en
Quit Smoking
werk regtig!”**

Mnr. A. Nel



* Beskikbaar by u naaste apteek of gesondheidswinkel.

KOOP SUID-AFRIKAANS!


[Verwerk uit: *Huisgenoot*, Februarie 2009]

- 2.1 Noem EEN plek waar jy *Quit Smoking* kan koop. (1)
- 2.2 Waarvan is *Quit Smoking* gemaak? (1)
- 2.3 Hoe het dié produk mnr. Nel en sy seun gehelp? (1)
- 2.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies
“Quit Smoking” is met groot letters geskryf, om ...
- A die advertensie pragtig te maak.
 - B mnr. Nel se woorde te beklemtoon.
 - C die leser lus te maak vir rook.
 - D die leser se aandag te trek. (1)
- 2.5 In watter land word hierdie produk gemaak? (1)
- 2.6 Wanneer kan 'n mens ‘Quit Smoking’ gebruik? (1)
- 2.7 Skryf EEN woord neer wat bewys dat *Quit Smoking* sonder nikotien is. (1)
- 2.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.
Hoe pas die prentjie van die sigaret wat doodgedruk word, by die produk?
Dit wys dat die produk ...
- A rookvry is en oral gebruik kan word.
 - B mense help om op te hou rook.
 - C skadeloos kan wees.
 - D uit 100% kruie gemaak is. (1)

[8]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 3: REIS VEILIG PER TAXI**

- Som die WENKE oor hoe jy veilig per taxi kan reis, in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer (bv. Wees betyds, Maak veiligheidsgordel vas, Sit stil, ens.) oorskryf nie.
- Jou opsomming moet 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 1 Oktober 2009]

REIS VEILIG PER TAXI**1. WEES BETYDS**

Taxi-bestuurders het baie mense wat hulle deur die dag oral moet oplaai. Hulle wag nie vir laatslapers nie. Sorg dat jy betyds by die staanplek is.

2. KLIM VERSIGTIG IN

Wag totdat die taxi heeltemal tot stilstand kom, voordat jy in klim. Jy kan omgery word of val as jy in 'n bewegende taxi probeer in klim. Taxi's trek gewoonlik vinnig weg.

3. HANTEER BAGASIE VERSIGTIG

Moenie jou bagasie op jou skoot hou nie. Daar is ruimte vir bagasie agter in die taxi. Laai jou bagasie daarin. Los bagasie kan jou beseer as die taxi vinnig stop.

4. MAAK VEILIGHEIDSGORDEL VAS

Maak jou veiligheidsgordel vas sodra jy sit. Die veiligheidsgordel sal jou beskerm as daar 'n ongeluk plaasvind.

5. SIT STIL

Moenie rondbeweeg terwyl die taxi ry nie. Dit kan 'n ongeluk veroorsaak. Baie mense is al so beseer.

6. MOENIE UITHANG NIE

Taxi's ry vinnig naby mekaar verby. As jy langs die venster sit, moet jy nie jou hande of arms by die venster uitsteek nie. Jy kan ernstig beseer word of 'n ongeluk veroorsaak.

7. WEES GEDULDIG

Wanneer die taxi stilhou, wil almal gewoonlik vinnig uit klim. Só kan mense maklik beseer raak. Wag vir ander mense om eerste uit te klim.

TOTAAL AFDELING B:**10**

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prente en beantwoord die vrae.



[Uit: Die Burger, 8 Junie 2010]

- Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde op VRAAG 4.1 – 4.23 moet korrek gespel wees.

Zitts en sy (4.1 pa en ma) is 'n gelukkige (4.2 gesin/familie) wat die mooi en rustige (4.3 dorp+lewe) baie geniet. Zitts vra vir sy pa om vir (4.4 hom/hy/haar) geld te gee. Hulle het 'n (4.5 goed/goeie) verhouding en hulle verstaan mekaar.	4.1 4.2 4.3 4.4 4.5	Gee EEN WOORD. Kies die KORREKTE antwoord. Gee die KORREKTE samestelling. Kies die KORREKTE voornaamwoord. Kies die KORREKTE antwoord.	(1) (1) (1) (1) (1)
Sy pa het hom van (4.6 kleins/klein) af geleer hoe om slim en verantwoordelik te wees, maar Zitts is (4.7 slim) as wat Pa gedink het.	4.6 4.7	Kies die KORREKTE antwoord. Gee die KORREKTE trap van vergelyking.	(1) (1)
Zitts en sy (4.8 maats) het besluit om 'n flielk te gaan kyk, maar hy het nie geld om (4.9 vir+dit) te betaal nie. Hy het dus besluit om (4.10 elke week) iets te doen om sy sakgeld te verdien.	4.8 4.9 4.10	Gee die sinoniem. Gee EEN WOORD. Gee EEN WOORD.	(1) (1) (1)
Toe Pa huis toe gekom het en (4.11 baie moeg) (4.12 op/in/oor) die rusbank gaan lê het, het Zitts gevra of hy die kombi vir (4.13 R50) kon was.	4.11 4.12 4.13	Gee die intensiewe vorm. Kies die KORREKTE voorsetsel. Skryf die bedrag in woorde.	(1) (1) (1)
Dit was nou al die (4.14 vierde/fierde) keer dat Zitts 'n plan beraam het om geld in die hande (4.15 ...) kry.	4.14 4.15	Kies die KORREKTE antwoord. Voltooi die infinitief.	(1) (1)

<p>Hy vra toe: "Pa, kan ek (4.16 asb.) betaal word om die kombi te was?"</p> <p>Pa antwoord dat daar 'n klein (4.17 emmer) en baie (4.18 borsel) in die motorhuis is. Zitts dink dat dit 'n (4.19 sleg) plan is, want dit beteken dat hy die motor self moet was.</p> <p>Zitts weet nie of hy die (4.20 dogters) in sy klas moet vra om hom te (4.21 help/hulp) nie. Nou probeer hy nog 'n (4.22 bietjie/bikkie) harder om meer geld in die hande te kry.</p> <p>Aikôna! Dis moeilik om sy pa om die (4.23 bos/baan) te lei.</p>	4.16	Skryf die afkorting voluit.	(1)
	4.17	Gee die verkleiningsvorm.	(1)
	4.18	Gee die meervoud.	(1)
	4.19	Gee die KORREKTE vorm.	(1)
	4.20	Gee die antoniem.	(1)
	4.21	Kies die KORREKTE antwoord.	(1)
	4.22	Kies die KORREKTE spelling.	(1)
	4.23	Kies die KORREKTE antwoord om die idiomatiese uitdrukking te voltooi.	(1)

VRAAG 5: SINSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



- 5.1 Skryf die sin in die verlede tyd.
Oom Daan-hulle beplan lank voor die tyd vir hierdie kuiery.
(Oom Daan-hulle ... lank voor die tyd vir hierdie kuiery ...) (2)
- 5.2 Skryf die sin in die teenwoordige tyd.
Hulle het baie vroeg die oggend vertrek.
(Hulle ... baie vroeg die oggend.) (1)
- 5.3 Skryf die sin in die toekomstige tyd.
Die kinders is baie opgewonde oor die vakansie.
(Die kinders ... baie opgewonde oor die vakansie ...) (2)

- 5.4 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.
Ma het die getoet van die motor gehoor. Sy loer by die venster uit. (daarom) (1)
- 5.5 Skryf die sin in die infinitief.
Ma is verbaas toe sy die Burger-gesin sien.
Begin so: Ma is verbaas om ... (1)
- 5.6 Skryf die sin in die lydende vorm.
Oom Daan bestuur die motor.
(Die motor ... Oom Daan ...) (2)
- 5.7 Skryf die sin in die ontkenende vorm.
Die Burger-gesin het iets vir Ma gebring.
(Die Burger-gesin het ... vir Ma gebring ...) (2)
- 5.8 Skryf 'n vraag neer waarvan die onderstreepte deel die antwoord sal wees.
Oom Daan-hulle is opgewonde oor die vakansie.
Begin so: Waaroor ... (2)
- 5.9 Voltooi die infinitief.
Ma moet al die smaaklike kos kook.
(Ma behoort al die smaaklike kos ...) (1)
- 5.10 Skryf die sin in die indirekte rede.
Klein Jafta vra: "Waar is die badkamer?"
(Klein Jafta vra waar ...) (1)
- 5.11 Skryf die sin met die KORREKTE woordorde oor.
Die kinders gaan haastig na die park toe elke oggend.
(Die kinders gaan ...) (3)
- 5.12 Skryf in die ontkenende vorm.
Daar is 'n bondel bagasie op die dak van die motor.
(Nee, daar is ... 'n bondel bagasie op die dak van die motor) (2)
- 5.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Die uitdrukking op Ma se gesig toe sy deur die venster loer, bewys dat sy ... is omdat daar mense kom kuier het.
A opgewonde
B bly
C verbaas
D tevrede (1)

[21]

VRAAG 6: REDIGERING

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



Skryf die sinne korrek oor en onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.

6.1 Verbeter die woordorfout.

Eric wil saam gaan met sy maats na die matriekpartytjie toe.
(Eric wil saam ...)

(1)

6.2 Kies die KORREKTE voorsetsel.

Sy pa is bekommerd (vir/oor/met) die tyd wanneer Eric terugkom.

(1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Eric moet teen (tenuur/tien uur/tien-uur) huis toe kom.

(1)

6.4 Verbeter die taalfout.

Hy hoef nie na Pa luister nie.

(1)

6.5 Vul die ontbrekende leesteken in.

Hoe laat sien jy kans om huis toe te kom

(1)

6.6 Gee die KORREKTE vorm.

Eric se lank hare pas mooi by die klere wat hy dra.

(1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord.

Soms kan Pa soos 'n leeu (blaf/brul) as iemand sy motor wil gebruik. (1)

6.8 Verbeter die ontkenningfout.

Eric sal nie die motor roekeloos bestuur. (1)

6.9 Kies die KORREKTE vergelyking.

Eric is altyd so koel soos 'n (koeldrank/komkommer) as sy pa met hom praat. (1)

6.10 Kies die regte voegwoord.

Eric is ongelukkig (omdat/want) hy 'n kwaai pa het. (1)

6.11 Kies die KORREKTE vertaling.

Eric is happy and he takes the keys.

Eric is ...

A bly en hy neem die sleutels.

B tevrede en neem hy die sleutels.

C bly en hy die sleutels neem.

D tevrede en die sleutels hy neem. (1)

(1)
[11]

VRAAG 7: KYK EN KOMMUNIKEER

Lees die situasie en voer die opdrag uit.



7.1 SITUASIE: Molefi is besig met sy huiswerk. Die kinders blaas vuvuzelas net buite sy kamervenster. Hy is **kwaad**, maak sy ore toe en skree vir hulle om op te hou.

OPDRAG: Hoe sal Molefi **KWAAD** aan die kinders skree sodat hulle moet **OPHOU** om die vuvuzelas te blaas?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Molefi skree: "Ek probeer ... , hou ...!"

(2)



7.2 SITUASIE: Thabang is 'n boelie. Hy is in graad 12 en hou daarvan om die graad 8-leerders te boelie. Die graad 8-leerder **PLEIT** dat Thabang sy **goed** (geld, selfoon, ens.) nie moet vat nie.


OPDRAG: Wat sal dié graad 8-leerder aan Thabang sê?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die graad 8-leerder sê: "Moet asseblief nie, ..."

(2)

EN



[Clip Art]

7.3 SITUASIE: Die seun het gedink dat die meisie oor hom geskinder het. Hy was baie kwaad en toe bel hy haar. Na hulle lang telefoongesprek, beseft hy dat hy verkeerd was. Nou vra hy om **verskoning**.

OPDRAG: Wat sal Odwa se woorde aan Hilda, die meisie, wees?

Kies die KORREKTE antwoord.

- A Hilda, dit is nie my skuld nie.
- B Hilda, ek gee nie om nie.
- C Hilda, ek is baie jammer.
- D Hilda, wil jy saamkom, asseblief?

(1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae:

VRAAG 8 en VRAAG 9: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer
VRAAG 10 en VRAAG 11: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker
Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*

OF

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VRAAG 8: *ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK* – Abraham H de Vries

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Oplaas, en daardie Saterdag toe ... se eerste span daar kom speel het ook, het hy in die hotel gewoon, dat hy nie ver hoef te loop nie, en omdat die hotelbaas darem toegesien het dat hy kos ook kry.

- 8.1 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die woorde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.1. – 8.1.5) en die letter (A – F) neer, bv. 8.1.1 – A.

KOLOM A		KOLOM B
8.1.1	Rooikoos se swak puntjie	A nuuskierigheid
8.1.2	Barrydale	B kantoorhandjies
8.1.3	"Julle ditse-datse-ditse-datse"	C 'n baie sterk span gehad
8.1.4	Die verteller se swak puntjie	D drank
8.1.5	Onderwysers	E vloekwoorde
		F nugterheid

(5 x 1) (5)

- 8.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.1 – 8.2.5) en die letter (A – D) neer.

8.2.1 Hoekom het Rooikoos Willemse aan die drink geraak?

- A Niemand weet nie.
B Hy het baie probleme gehad.
C Net sy vrou weet.
D Hy het baie hard op die plaas gewerk.

(1)

- 8.2.2 Rooikoos het sy pa se plaas en ... verkoop om drank te koop.
A sy motor
B al sy klere
C sy vrou se plotjie
D sy beeste (1)
- 8.2.3 Daardie Saterdag het Barrydale ...
A uitstekende rugby gespeel.
B die wedstryd verloor.
C baie foute op die veld begaan.
D baie beserings gehad. (1)
- 8.2.4 Van agter af het Rooikoos soos 'n ... gelyk.
A reus
B leeu
C olifant
D jong kalf (1)
- 8.2.5 ... het die rusie in die hotel gestop.
A Die eenaar
B 'n Polisieman
C Rooikoos se vriende
D Die skoonmaker (1)
- 8.3 Voltooi die volgende sin:
Kort voor die eindfluitjie het die Barrydalers 'n ... voor die pale gekry. (1)
- 8.4 Watter fout het Rooikoos Willemse langs die rugbyveld gemaak? (1)
- 8.5 Hoekom het Rooikoos die meeste drankies in die hotel ná die wedstryd gekry? (1)
- 8.6 8.6.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is.
Jan, die skoonmaker van die hotel op Barrydale, het daardie Sondag-oggend die hotel se foon geantwoord. (1)
- 8.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.6.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)
- 8.7 Wat het Rooikoos gesien toe hy die volgende oggend na homself in die spieël kyk? Noem TWEE dinge. (2)
- 8.8 Vul die ontbrekende woord in.
"Oorkant sy kamervenster in die hotel op my dorp is die stadsaal, en hier is dan nou 'n ..." (1)
- 8.9 Noem TWEE positiewe eienskappe van die Barrydalers. (2)

[20]**OF**

VRAAG 9: MY BROER SE KRAAI – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

My broer het die kraai in 'n kartondoos gesit en met oorskiethout en stukkies draad vir hom 'n hok gemaak. Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom iets te laat eet. Hy was bang vir ons en hy het nie van die hok gehou nie.

9.1 Wat was die rede waarom die kraai se een vlerk gebloei het? (1)

9.2 Waarom wou die verteller se broer nie die kraai vrylaat nie? (1)

9.3 Waarom het die kraai, nadat die broer hom in die veld opgetel en huis toe gebring het, gou gesond geword? Gee TWEE redes. (2)

9.4 Voltooi die onderstaande paragraaf. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Die verteller se broer het verander omdat dit so sleg gegaan het met die kraai in die hok. Hy was altyd (9.4.1) ... maar hy het later al (9.4.2) ... geraak. (2)

9.5 Pas die inligting in KOLOM A by die verduidelikings in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer (9.5.1 – 9.5.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.5.1	Huismense se raad aan die broer.	A	Hy wil die kraai hê, maar die kraai wil nie bly nie.
9.5.2	Wat niemand hardop sê nie.	B	Nie wat vir die kraai die beste is nie, maar wat vir die broer die aanvaarbaarste is.
9.5.3	Die broer se probleem.	C	Dis jou kraai en jy moet besluit.
		D	Los die kraai.

(3 x 1) (3)

9.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die broer wou die swart voël teen sy ... druk.

- A bors
- B wang
- C hand
- D neus

(1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Maar drie dae later, die oggend, het ek net ná dagbreek wakker geword en in die bed gelê en luister hoe dit bietjie vir bietjie op die werf Woensdag word.

9.7 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Vossie was die verteller-hulle se (9.7.1) (hings/merrie). Hy het elke oggend oor die onderdeur kom (9.7.2) (lusern/brood) bedel. (2)

9.8 Hoe het die verteller en sy broer geweet die kraai is terug? (1)

9.9 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

9.9.1 Die verteller het die stomp snawel gesien en geweet dis dieselfde kraai. (1)

9.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.9.1. (1)

9.10 Hoe het die kraai vir die verteller se broer gewys dat hy nou sy kraai is? (1)

9.11 Watter TWEE lesse kan jy uit die kortverhaal leer? (2)

9.12 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

9.12.1 Die verteller se broer het aan die einde na sy familie geluister. (1)

9.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.12.1. (1)

[20]

OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

VRAAG 10: TANT NELIE SE VEERPLUIME – Henriëtte Grové

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Kittie was die een wat mooi was, somer pebliek mooi, en aanmekaar mooi; nie soos Ursa nie, so af en toe as sy lag. Daardie hare van Kittie – pikswart krulle en blink, spieëlblink soos Poon se flank die maand na die koring af was

Maar dit was nie die dinge wat Kittie wou hê nie. Tant Nelie Maré se resepboek – dis wat sy wou hê. Nou ja, tant Nelie se koekboek of die maan, dan was die maan eintlik makliker.

10.1 Kies die KORREKTE woord. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE letter neer.

Kittie het vir die basaartafels (handtertjies/melkterte) gebak. (1)

- 10.2 Kies die KORREKTE woord uit diè wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Tant Nelie se veerpluimresep was 'n (Maré-geheim/Wahl-geheim). (1)

- 10.3 Kies die karakterbeskrywing uit KOLOM B wat by die regte karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (10.3.1 – 10.3.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
10.3.1 Ursula	A trots
10.3.2 Kittie	B stil
10.3.3 Tant Nellie	C hulpvaardig
10.3.4 Peet	D manipulerend
	E aggressief

(4 x 1) (4)

- 10.4 Hoekom kon Peet so maklik met Ursula praat? (1)

- 10.5 Vul die KORREKTE woord in om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Toe Kittie die veerpluimresep gekry het, het sy gesê dat sy en Peet gedurende die ... kon trou. (1)

- 10.6 Voltooi:

Peet het gesê: "Kit was soos 'n ... in my." (1)

- 10.7 Noem DRIE dinge wat tant Nellie vir Ursula gebêre het. (3)

- 10.8 Hoe verskil Ursula en Kittie ten opsigte van hulle belangstellings? (2)

- 10.9 Waarom is Peet toe nie met Kittie getroud nie? (1)

- 10.10 Noem TWEE lesse wat jy by Peet kan leer. (2)

- 10.11 Tot watter gevolgtrekking oor vroue kom die verteller aan die einde van die verhaal? Noem TWEE feite. (2)

- 10.12 Kies die KORREKTE woord uit diè wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Die titel van die kortverhaal verwys na tant Nelie se (plante/skuimkoekies). (1)

[20]

OF

VRAAG 11: OPGANG – Ina Rousseau

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

En het Hannetjie dan nie vandag rede om bly te wees nie?
Gister het hy dit van Welgemoed en Seun af gebring en nou staan dit op 'n tafeltjie in die sitkamer en blink in die groen oggendlig wat deur die toegetrekte gordyne syfer. “Kyk wat het ek hier!” het hy uitgeroep toe hy teen sonder by die huis aankom.

11.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hannetjie was bly omdat ...

- A sy 'n naaimasjien present gekry het.
- B dit haar verjaarsdag was.
- C sy 'n vakansie gewen het.
- D haar man 'n verhoging gekry het. (1)

11.2 Lukas het die present vir Hannetjie kontant gekoop.

11.2.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

11.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 11.2.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

11.3 Gee DRIE redes waarom Hannetjie bly is oor haar present. (3)

11.4 Voltooi die paragraaf hieronder deur die KORREKTE woord uit die lysie te kies. Skryf slegs die vraagnommer (11.4.1 – 11.4.3) en die KORREKTE woord neer.

spoeletjie; onding; diertjie; babas; arm

Die masjien het soos 'n astante (11.4.1) ... gelyk, wat sy tande vir die kinders wys. So praat hulle van die masjien soos trotse moeders praat van hulle nuwe (11.4.2) Volgens Lot is 'n vrou sonder 'n masjien 'n (11.4.3) (3)

11.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die letter (A – D) neer.

Volgens Lot se susters is Lot glo ...

- A snobisties.
- B hulpvaardig.
- C nukkerig.
- D sag van hart. (1)

- 11.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Lot het nie baie van Hannetjie-hulle gedink nie: sy het gesê hulle is ...

- A barmhartig.
- B arm.
- C welgesteld
- D suinig.

(1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Wie staan daar, besig om die onderdeur se werwel te skuif? Niemand anders as ou Lot nie! Hannetjie kyk stip na haar.

- 11.7 Wat was Hannetjie se eerste woorde teenoor Charlotte nadat sy gegroet het? (1)

- 11.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Waar Hannetjie eers minderwaardig gevoel het teenoor Lot, hanteer sy haar nou ...

- A onbeskof.
- B met selfvertroue.
- C vriendeliker.
- D neerhalend.

(1)

- 11.9 Hannetjie hou nie van haar skoonsuster nie en dink sy is 'n (domkop/adder). (1)

- 11.10 Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit deur karaktereienskappe van Hannetjie en Lot neer te skryf.

Gee TWEE karaktereienskappe van elk.

Lot	Hannetjie
11.10.1	11.10.2
11.10.3	11.10.4

(4)

- 11.11 Die titel van die verhaal, *Opgang*, pas by die tema.

Voltooi die onderstaande paragraaf deur die woorde uit die lysie te kies. Skryf slegs die vraagnommer (11.11.1 – 11.11.2) en die KORREKTE woord neer.

aansien; ken; spot; verstomming

Die ander vrouens sal haar nie meer (11.11.1) ... nie. Die masjien het haar 'n vrou van (11.11.2) ... gemaak.

(2)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120